75 mg moet deurlopend oor 'n periode van 30 minute tot 2 ure toegedien word. Indien nodig, kan die behandeling na 4 tot 6 uur herhaal word, maar 'n totale dosis van 150 mg binne 'n tydperk van 24 uur mag nie oorskry word nie.
Voorkoming van post-operatiewe pyn.
25 mg tot 50 mg BIO DICLOFENAC-INSPUITING kan per infusie, na sjirurgie, oor 'n typerk van 15 minute tot 1 uur toegedien word, gevolg deur 'n deurlopende infusie van ongeveer 5 mg per uur tot 'n maksimum daaglikse dosis van 150 mg.

4.3 Kontra-indikasies
NB. Die intraveneuse gebruik van BIO DICLOFENAC INSPUITING word absoluut gekontraïndikeer in pasiënte met ingeperkte nierfunksie en/of enige ander vorm van skok.
- Hipersensitiwiteit teenoor diklofenak of enige van die ander bestandele van BIO DICLOFENAC INSPUITING, veral natriummetabisulfiet.
- Hipersensitiwiteit teenoor NSAID's, insluitend aspirien.
- Gastriese of intestinale ulkus.
- Bloedingsversteurings.
- Geskiedenis van gastro-intestinale perforasie, ulserasie of bloeding (PUBs) verwant aan vorige NSAID's, insluitend BIO DICLOFENAC INSPUITING.
- Aktiewe of geskiedenis van herhalende ulserasie/bloeding perforasies (twee of meer spesifieke episodes van bewysde ulserasie of bloeding).
- Asmatiese pasiënte in wie aanvalle of asma, urtikaria of akute rinitis vererger is deur asetielsalisielsuur of enige ander medisyne met prostaglandien-sintese onderdrukkende aktiwiteit.
- Die intraveneuse gebruik van BIO DICLOFENAC INSPUITING is teenaangedui in kinders as gevolg van onvoldoende bewyse.
- Porfirie
- Swangerskap en laktasie
- Ernstige hepatiese-of hartversaking
- Matige of ernstige nierinperking (serum kreatinien > 160 µmol/l).
- Bevestigde iskemiese hartsiektes en/of serebrovaskulêre siekte (beroerte) en perifere arteriële siekte.
- Gesamentlike NSAID of anti-stollingsmiddel gebruik (insluitend lae doserings van heparien)
- Geskiedeins van hemorragiese diatese, 'n geskiedenis van bevestigde of vermeende serebro vaskulêre bloeding.
- Operasies wat verband hou met hoë risikos van bloeding.
- Hipovolemie of dehidrasie van enige oorsaak.

4.4 Spesiale waarskuwings en voorsorg met gebruik
Algemeen:
Soos met ander nie-steroïdale anti-inflammatoriese medisyne insluitend BIO DICLOFENAC INSPUITING, kan allergiese reaksies, insluitend anafilaktiese reaksies, soms voorkom sonder vorige blootstelling aan die medisyne (sien afdeling 4.8)
Newe-effekte kan verminder word deur die laagste effektiewe dosis vir die kortste moontlike periode wat nodig is om simptome te beheer.
Noukeurige mediese waarneming en streng akkuraatheid van diagnose is noodsaaklik vir pasiënte met:
- Simptome aanduidend van gastro-intestinale siekte.
- Ulseratiewe colitis
- Chron se siekte
- 'n Gevallegeskiedenis wat dui op gastro-intestinale siektes.
- Ingeperkte hepatiese funksie.
- Bestaande dishematopoïesis of afwykings van bloedstolling

Gesamentlike gebruik van BIO DICLOFENAC INSPUITING en metotreksaat kan lei tot ernstige interaksies (sien afdeling 4.5)
Die gesamentlike gebruik van BIO DICLOFENAC INSPUITING met sistemiese NSAID's insluitend siklo-oksigenase-2 selektiewe remmers, moet vermy word as gevolge van die afwesigheid van enige bewyse wat sinergistiese voordele en potensiaal vir bykomende newe-effekte demonstreer (sien afdeling 4.5)
BIO DICLOFENAC INSPUITING kan tekens en simptome van infeksie verskuil.
Die teenwoordigheid van natriummetabisulfiet kan lei tot hipersensitiwiteitsreaksies, veral in pasiënte met brongiale asma en dit kan ook lei na 'n akute asma-aanval, vertroebelde bewustheid of skok.
Gastro-intestinale (GI) effekte:
Bejaardes: Bejaardes het 'n verhoogde voorkoms van nadelige reaksies teenoor NSAID's insluitend BIO DICLOFENAC INSPUITING, veral gastro-intestinale perforasie, ulserasie en bloeding (PUB's), wat fataal kan wees.
Verlaging van dosering mag nodig wees in bejaardes, veral baie verswaktes of die met 'n lae liggaamsmassa.
Die risiko van gastro-intestinale perforasie, ulserasie of bloeding (PUB's) is hoër met verhoogde dosisse van BIO DICLOFENAC INSPUITING, in pasiënte met 'n geskiedenis van ulkusse, veral wanneer gekompliseerd met bloeding of perforasie, en bejaardes.
Wanneer gastro-intestinale bloeding of ulserasie voorkom in pasiënte wat BIO DICLOFENAC INSPUITING ontvang, moet behandeling met BIO DICLOFENAC INSPUITING gestaak word.
BIO DICLOFENAC INSPUITING moet met omsigtigheid aan pasiënte met 'n geskiedenis van gastro-intestinale siekte gegee word (bv. ulseratiewe kolitis, Chron Siekte, hiatusbreuk, gastro-esofageale refluks siekte, angiodisplasie), aangesien die toestand vererger kan word.
Om die risiko van GI toksisiteit te voorkom in pasiënte met 'n geskiedenis van ulkusse, veral wanneer gekompliseerd is met bloeding of perforasie, en bejaardheid, moet aanvangsbehandeling en handhawing teen die laagste effektiewe dosis gedoen word.
Kombinasie-terapie met beskermende medisyne (bv. misopristool of protonpomp-inhibeerders), moet oorweeg word vir hierdie pasiënte, en ook in pasiënte wat gelyktydig medisyne benodig wat lae dosis asetielsalisielsuur bevat. (ASA/aspirien of medisyne geneig om gastro-intestinale risiko te verhoog (sien afdeling 4.5)).
Pasiënte met 'n geskiedenis van GI toksisiteit, veral wanneer bejaard, moet enige ongewone abnormale simptome (veral GI bloeding) aanmeld.
Omsigtigheid word aanbeveel by pasiënte wat gepaardgaande medisyne wat die risiko van ulserasie of bloeding verhoog ontvang, soos sistemiese kortikosteroïede, anti-koagulante soos warfarien, selektiewe heropname inhibeerders (SSRI's) of anti-stollingsmedisyne soos asetielsalisielsuur (sien afdeling 4.5)
Vel effekte:
Ernstige velreaksies, sommige daarvan fataal, insluitend afskilferende dermatitis, Stevens-Johnsons sindroom en toksiese epidermale nekrolise, is al aangemeld. BIO DICLOFENAC INSPUITING moet gestaak word met die eerste voorkoms van veluitstlag, mukosale letsels, of enige ander tekens van hipersensitiwiteit.
Dit blyk dat die hoogste risiko vir hierdie reaksies in pasiënte tydens die vroeë stadium van behandeling voorkom: die aanvang van die reaksie kom in die grootste hoeveelheid gevalle binne die eerste maand van behandeling voor. BIO DICLOFENAC INSPUITING moet gestaak word met die eerste verskyning van veluitslag, mukosale letsels of enige ander tekens van hipersensitiwiteit.
Hepatiese effekte:
Noukeurige mediese toesig is nodig wanneer BIO DICLOFENAC INSPUITING voorgeskryf word aan pasiënte met ingeperkte lewerfunksie omdat hul toestand vererger kan word.
Soos met ander NSAID's, insluitend BIO DICLOFENAC INSPUITING, mag die waardes van een of meer lewerensieme verhoog.
Gedurende verlengde behandeling met BIO DICLOFENAC INSPUITING, word volbloedtellings, lewer-en nierfunksie monitering aangedui. Indien abnormale lewerfunksie toetse volhou en simptome of lewersiekte ontwikkel, staak BIO DICLOFENAC INSPUITING.
Hepatitis kan voorkom met BIO DICLOFENAC INSPUITING sonder voor-kliniese simptome.
Nier-effekte:
Omdat vloeistof terughouding en edeem al aangemeld is in verband met NSAID terapie, insluitend BIO DICLOFENAC INSPUITING, moet spesifieke omsigtigheid toegepas word in pasiënte met ingeperkte hart-of nierfunksie, geskiedenis van hoë bloeddruk, bejaardes, pasiënte wat gelyktydige behandeling met diuretika of medisyne ontvang wat nierfunksie aansienlik kan beïnvloed, en daardie pasiënte met aansienlike ekstrasellulêre volume-uitputting van enige oorsaak, bv. voor of na 'n groot operasie (sien afdeling 4.3).
Monitering van nierfunksie word aanbeveel as 'n voorsorgmaatreël wanneer BIO DICLOFENAC INSPUITING gebruik word. Staking van terapie word gewoonlik gevolg deur herstel na die toestand voor die behandeling.
Sistemiese lupus erythematosus (SLE) en gemengde bindweefsel siekte:
Daar mag 'n verhoogde risiko van aseptiese meningitis wees in pasiënte met SLE en gemengde bindweefsel siekte. (sien afdeling 4.8)
Kardiovaskulêre en serebrovaskulêre effekte:
Omsigtigheid is nodig by pasiënte met 'n geskiedenis van hipertensie en/of hartversaking, aangesien vloeistofretensie en edeem in verband met BIO DICLOFENAC INJECTION-terapie gerapporteer is.
Aangesien Bio DICLOFENAC INSPUITING inherente potensiaal het om vogretensie te veroorsaak, mag hartversaking voorkom in gekompromitteerde pasiënte.
Toepaslike monitering en advies is nodig vir hierdie pasiënte.
Omsigtigheid is nodig by pasiënte met beduidende risikofaktore vir kardiovaskulêre gebeure (bv. onbeheerde hipertensie, hiperlipidemie, diabetes mellitus, rook, kongestiewe hartversaking, gevestigde iskemiese hartsiektes, perifere arteriële siekte en / of serebrovaskulêre siekte) en moet slegs behandel word met BIO DICLOFENAC INSPUITING na deeglike oorweging.
Die kardiovaskulêre risiko van BIO DICLOFENAC INSPUITING mag verhoog met dosis en tydperk van blootstelling, die korste moontlike tydperk en die laagste effektiewe daaglikse dosis moet gebruik word.
Die pasiënte se behoefte vir simptomatiese verligting en respons teenoor terapie moet perdiodiek herevalueer word.
Kliniese proefnemings en epidemiologiese data dui deurgaans op 'n verhoogde risiko vir arteriële trombotiese gebeure (byvoorbeeld miokardiale infarksie of beroerte) wat verband hou met die gebruik van BIO DICLOFENAC INSPUITING, veral met 'n hoë dosis (150 mg per dag) en tydens langtermynbehandeling.
Hematologiese effekte:
Tydens langdurige behandeling met BIO DICLOFENAC INSPUITING, soos met NSAID's, word monitering van bloedtelling aanbeveel.
BIO DICLOFENAC INSPUITING kan plaatjie aggregasie omkeerbaar onderdruk (sien afdeling 4.5). Pasiënte met versteurings van hemostase, bloeiende diastase of hematologiese abnormaliteite moet versigtig gemonitor word.
Bestaande asma:
In pasiënte met asma, seisoenale allergiese rinitis, swelling van die nasale slymvlies (d.w.s neuspoliepe), kroniese obstruktiewe pulmonêre siekte of kroniese infeksies van die respiratoriese kanaal (veral as dit verbind word met allergiese rinitis-tipe simptome), is reaksies soos asma-verergerings teenoor NSAID's, (sogenaamde onverdraagsaamheid teenoor analgetika/ analgetiese asma) , Quincke se edeem of urtikaria, meer algemeen as in ander pasiënte. Daarom word spesiale voorsorg aanbeveel in hierdie pasiënte (gereedheid vir noodgeval). Dit is ook van toepassing op pasiënte wat allergies is vir ander middels, bv. met velreaksies, pruritis, urtikaria.
Soos ander medisyne wat prostaglandiensintese aktiwiteit beheer, kan BIO DICLOFENAC INSPUITING en ander NSAID's brongospasma vererger as dit toegedien word aan pasiënte wat daaraan ly, of met 'n vorige geskiedenis van brongiale asma.
Swangerskap:
Die toediening van nie-steroïdale anti-inflammatoriese middels (NSAID's) ongeveer 20 weke of later by swanger pasiënte kan ernstige nierprobleme by 'n ongebore baba veroorsaak. Dit kan lei tot lae vlakke van vrugwater, want die niere van die ongebore baba produseer dit tydens ongeveer 20 weke van swangerskap. Amniotiese vloeistof bied 'n beskermende kussing en help die longe, spysverteringstelsel en spiere van die ongebore baba om te ontwikkel (sien afdeling 4.3).
Medisyne wat prostaglandiensintese inhibeer, soos NSAID's, kan swangerskap en/of die ontwikkeling van die embrio of fetus nadelig beïnvloed. Daar word geglo dat die risiko toeneem met 'n verhoogde dosis en/of die duur van die behandeling.
Die aanbeveling is om die toediening van NSAID's in swanger vroue teen 20 weke of later te vermy. (sien afdeling 4.3)
Tensy spesifiek deur 'n gesondheidswerker aangeraai word om NSAID tussen 20 en 30 weke toe te dien, moet die dosis laag gehou word en die duur van die behandeling so kort as moontlik gehou word. Ultraklankmonitering van vrugwater word aanbeveel as die behandeling met NSAID's langer as 48 uur duur.
Gereelde gebruik van BIO DICLOFENAC-inspuiting gedurende die derde trimester van die swangerskap kan lei tot voortydige sluiting van die ductus arteriosus in die baarmoeder en moontlik aanhoudende pulmonale hipertensie by die pasgeborene. Die aanvang van kraam kan vertraag word en die duur daarvan kan toeneem (sien afdeling 4.6).
BIO DICLOFENAC INSPUITING kan nierdisfunksie veroorsaak, wat kan lei tot nierversaking met oligohidroamniose, en in sommige gevalle neonatale nierinperking. Komplikasies van langdurige oligahidroamniose kan ledemaat-kontraksie en vertraagde long maturasie insluit.
Oligahidroamniose kan omgekeer word met behandeling. Staking van en moontlike verlenging van bloedingtyd as gevolg van die anti-stollingseffek wat mag voorkom, selfs teen lae dosisse van BIO DICLOFENAC INSPUITING.
Vroulike vrugbaarheid:
Indien BIO DICLOFENAC INSPUITING toegedien word aan vrouens wat poog om swanger raak, of gedurende die eerste en tweede trimester van swangerskap, moet die dosering so laag as en vir die kortste duur as moontlik gehou word.
Die gebruik van BIO DICLOFENAC INSPUITING kan vroulike vrugbaarheid benadeel, en word nie aanbeveel in vroue wat poog om swanger te raak nie. In vroue wat probleme ondervind om swanger te raak, of wat ondersoeke oor vrugbaarheid ondergaan, moet ontrekking van BIO DICLOFENAC INSPUITING oorweeg word. (sien afdeling 4.6)
BIO DICLOFENAC INSPUITING bevat propileenglikol, bensielalkohol en natriummetabisulfiet.
BIO DICLOFENAC INSPUITING bevat 600 mg propileenglikol per 3 ml ampule wat gelykstaande is aan 200 mg/ml.
BIO DICLOFENAC INSPUITING bevat 120 mg bensielalkohol per 3 ml wat gelykstaande is aan 40 mg/ml. Bensielalkohol kan allergiese reaksies veroorsaak. Vra u dokter of apteker vir raad indien u swanger is of borsvoed, of indien u aan lewer of niersiekte ly. Dit is omdat groot hoeveelhede bensielalkohol kan opbou in u liggaam en ernstige newe-effekte kan veroorsaak (genaamd 'metaboliese asidose')
Die natriummetabisulfiet teenwoordig in die oplossing vir inspuiting veroorsaak selde ernstige hipersensitiwiteitsreaksies en brongospasma.
BIO DICLOFENAC INSPUITING bevat minder as 1 mmol natrium (23 mg) per 3 ml ampule, dit is so te sê in wese 'natriumvry'.

4.5 Interaksies met ander medisyne en ander vorms van interaksie
Metotreksaat: Gesamentlike toediening van metotreksaat met BIO DICLOFENAC INSPUITING kan lei tot verhoogde metotreksaat toksisiteit as gevolg van die nierbuisuitskeiding onderdrukking van metotreksaat. (sien afdeling 4.4)
Omsigtigheid word aanbeveel wanneer NSAID's, insluitend BIO DICLOFENAC INSPUITING, toegedien word minder as 24 uur voor behandeling met metotreksaat, aangesien bloedkonsentrasies van metotreksaat kan verhoog en die toksisiteit van die stof kan verhoog.
Gevalle van ernstige toksisiteit is al aangemeld wanneer metotreksaat en NSAID's, insluited BIO DICLOFENAC INSPUITING, gegee is binne 24 uur na mekaar.
Hierdie interaksie word bemiddel deur ophoping van metotreksaat as gevolg van inkorting van die nieruitskeiding in die teenwoordigheid van die NSAID.
Litium of digoksien: BIO DICLOFENAC INSPUITING kan plasmakonsentrasies van litium of digoksien verhoog indien saam geneem word. Monitering van serum litium of digoksien word aanbeveel.
Glukokortikoïede en ander NSAID's insluitend siklo-oksigenase-2 onderdrukkers: Gastrointestinale newe-effekte kan vererger word deur die gesamentlike toediening van BIO DICLOFENAC INSPUITING, verhoogde risiko van gastrointestinale ulserasie of bloeding. Gesamentlike behandeling met twee of meer NSAID's verhoog ook die risiko van newe-effekte.
Anti-diabetiese medisyne: BIO DICLOFENAC INSPUITING kan hipo- of hiperglukemie veroorsaak. Die dosis van antidiabetiese medisyne moet moontlik gewysig word en die monitering van die bloedglukosevlak word aanbeveel.
Anti-stollingsmiddels: Daar is 'n verhoogde risiko vir bloeding as BIO DICLOFENAC INSPUITING gelyktydig met enige antistolmiddels gebruik word, bv. warfarin. Noukeurige monitering is nodig.
BIO DICLOFENAC-INSPUITING kan die effekte van antistolmiddels soos warfarien verhoog.
Soos met ander nie-steroïdale anti-inflammatoriese middels, kan BIO DICLOFENAC INSPUITING in 'n hoë dosis plaatjie-aggregasie omkeerbaar inhibeer.
Siklosporien: Nefrotoksisiteit van siklosporien kan verhoog word deur die uitwerking van BIO DICLOFENAC INSPUITING op nierprostaglandiene.
Daarom moet dit toegedien word in dosisse laer as dié wat gebruik sal word by pasiënte wat nie siklosporien ontvang nie.
Kinolone-antibiotika: Daar is geïsoleerde aanmelding van stuiptrekkings wanneer BIO DICLOFENAC INSPUITING gelyktydig met kinoloonantibiotika en NSAID's toegedien word. Dit kan voorkom by pasiënte met of sonder 'n vorige geskiedenis van epilepsie of stuiptrekkings. Daarom moet daar omsigtigheid wees wanneer die gebruik van 'n kinoloon oorweeg word by pasiënte wat reeds 'n NSAID ontvang.
Anti-plaatjie medisyne en selektiewe serotonien heropname remmers (SSRI's): Verhoogde risiko van gastrointestinale bloeding.
Diuretika en antihipertensiewe medisyne: Soos ander NSAID's, kan gelyktydige gebruik van BIO DICLOFENAC INSPUITING met diuretika en antihipertensiewe middels (bv. beta-blokkers, angiotensienomskakelende ensiem- (ACE) –remmers) 'n afname in hul antihipertensiewe effek veroorsaak deur die inhibisie van vasodilator prostaglandien sintese.
Daarom moet die kombinasie met versigtigheid toegedien word, en pasiënte, veral bejaardes, moet hul bloeddruk gereeld monitor. Pasiënte moet voldoende gehidreer word en daar moet gereeld oorweeg word om die nierfunksie te monitor na die aanvang van die gepaardgaande behandeling, veral vir diuretika en ACE-remmers weens die verhoogde risiko vir nefrotoksisiteit.
Medisyne wat bekend is dat dit hiperkalemie veroorsaak:
Gelyktydige behandeling met kaliumsparende diuretika, siklosporien, takrolimus of trimetoprim kan geassosieer word met verhoogde serumkaliumvlakke, wat dus gemonitor moet word.
Takrolimus: Moontlike verhoogde risiko vir nefrotoksisiteit wanneer NSAID's saam met takrolimus toegedien word. Dit kan bemiddel word deur nier-anti-prostaglandien-effekte van beide NSAID en kalsineurienremmer.
Fenitoïen: Wanneer fenitoïen gelyktydig met BIO DICLOFENAC-INSPUITING gebruik word, word monitering van plasmakonsentrasies van fenitoïen aanbeveel as gevolg van 'n verwagte toename in blootstelling aan fenitoïen.
Kolestipol en cholestiramien: Hierdie middels kan 'n vertraging of afname in die opname van BIO DICLOFENAC-INSPUITING veroorsaak. Daarom word aanbeveel om BIO DICLOFENAC INSPUITING toe te dien, minstens een uur voor of 4 tot 6 uur na toediening van kolestipol/ cholestiramien.
Hartglikosiede: Die gebruik van hartglikosiede en NSAID's by pasiënte kan hartversaking vererger, die GFR verminder en die plasmaglikosiedvlakke verhoog.
Mifepristoon: NSAID's moet nie 8 - 12 dae na toediening van mifepristoon gebruik word nie, aangesien NSAID's die effek van mifepristoon kan verminder.
Kragtige CYP2C9 –remmers: Versigtigheid word aanbeveel wanneer BIO DICLOFENAC INSPUITING saam met kragtige CPY2C9-remmers (soos vorikonasool) voorgeskryf word, wat kan lei tot 'n beduidende toename in piekplasmakonsentrasies en blootstelling aan BIO DICLOFENAC INSPUITING as gevolg van inhibisie van die metabolisme van BIO DICLOFENAC INSPUITING.

4.6 Fertiliteit, swangerskap en laktasie
Swangerskap
Veiligheid en effektiwiteit tydens swangerskap en laktasie is nog nie vasgestel nie.
Die gereelde gebruik van nie-steroïedale anti-inflammatoriese medisyne, soos BIO DICLOFENAC INSPUITING, gedurende die derde trimester van swangerskap, kan lei na die volgende (Sien afdeling 4.4).
Die fetus:
- Kardiopulmonale toksisiteit (met premature sluiting van die ductus arteriosus en pulmonale hipertensie)
- Nierdisfunksie, wat kan vorder tot nierversaking met oligohidramniose.

Die moeder en die neonaat (aan die einde van swangerskap):
- Moontlike verlenging van bloedingstyd, 'n 'n anti-stollings effek wat selfs by baie lae dosisse kan voorkom
- Onderdrukking van baarmoeder kontraksies wat lei tot vertraging of verlenging van kraam.

Borsvoeding
Soos met ander NSAID's, versprei BIO DICLOFENAC INSPUITING na borsmelk in klein hoeveelhede. Daarom, moet BIO DICLOFENAC INSPUITING nie toegedien word tydens laktasie nie, om ongewenste newe-effekte op die baba te vermy.
Fertiliteit
Soos met ander NSAID's, kan die gebruik van BIO DICLOFENAC INSPUITING vroulike vrugbaarheid benadeel, en is daarom nie aanbeveel in vroue wat poog om swanger te raak nie. In vroue wat probleme ondervind om swanger te raak, of wat ondersoek instel na onvrugbaarheid, moet die onttrekking van BIO DICLOFENAC INSPUITING oorweeg word.(sien afdeling 4.4)

4.7 Effek op vermoë om te bestuur en masjinerie te gebruik
Pasiënte wat duiseligheid, visuele versteurings, vertigo, slaperigheid, lomerigheid of moegheid, of ander sentrale senuweesisteem afwykings ondervind, terwyl BIO DICLOFENAC INSPUITING toegedien word, moet hul daarvan weerhou om 'n voertuig of masjinerie te bestuur.

4.8 Ongewenste effekte
Infeksies en besmettings
Voorkoms onbekend: Nekrose op die inspuitplek
Bloed en limfstelsel siekte
Minder algemeen: Leukopenie, trombositopenie, aplastiese anemie, hemolitiese anemie, agranulositose.
Immuunsisteem versteurings
Minder algemeen: Hipersensitiwiteit, anafilaktiese en anafilaktoïede reaksies (insluitend hipotensie en skok), angioneurotiese edeem (insluitend gesig edeem).
Hart versteurings
Minder algemeen: Hartkloppings, borspyn, hartversaking, edeem, miokardiale infarksie.
Voorkoms onbekend: Kounis-sindroom.
Psigiatriese versteurings
*Minder algemeen:*bDisoriëntasie, depressie, slapeloosheid, nagmerries, prikkelbaarheid, psigotiese versteuring.
Senuweesisteem versteurings
Algemeen: Hoofpyn, duiseligheid en senuagtigheid.
Minder algemeen: Moegheid, sensasieversteurings (insluitend parestesie), geheueversteuring, stuiptrekkings, angs, bewing, psigotiese reaksies, aseptiese meningitis, serebrovaskulêre ongeluk, smaakversteuring.
Voorkoms onbekend: Verwarring, hallusinasies, malaise, sensasieversteurings.
Gastrointestinale versteurings
Die mees algemene newe-effekte is gastro-intestinaal van aard. Maagsere, perforasie of gastro-intestinale bloeding, soms dodelik. Naarheid, braking, diarree, winderigheid, hardlywigheid, dispepsie, buikpyn, melena, haematemese, ulseratiewe stomatitis, verergering van kolitis en Crohn se siekte, gastritis, anoreksie.
Algemeen: Epigastriese pyn, naarheid, braking, diarree, abdominale krampe, dispepsie, winderigheid, erektasie, anoreksie, plaaslike irritasie
Minder algemeen: Gastrointestinale bloeding, haematemese, melena, bloederige diarree, peptiese ulkus met of sonder bloeding of perforasie, afwykings in die laer ingewande soos nie-spesifieke hemorragiese kolitis, verergering van ulseratiewe kolitis of Chron's proktokolitis, glossitis, apteuse stomatitis, oesofageale letsels, diafragma-agtige intestinale vernouings, konstipasie, pankreatitis, verandering in smaak, gastritis.
Vaskulêre versteurings
Minder algemeen: Hipertensie, hipotensie, vaskulitis.
Nier en urinêre versteurings
Minder algemeen: Akute nierversaking, urinêre abnormaliteite soos hematurie, proteïenurie, interstisiële nefritis, nefritiese sindroom, nierpapillêre nekrose.
Lewer en gal versteurings
Algemeen: Verhoogde transaminase vlakke (ALT, AST).
Minder algemeen: Hepatitis met of sonder geelsug, fulminante hepatitis, geelsug, lewerafwyking, lewernekrose, lewerversaking.
Oog versteurings
Minder algemeen: Visie versteurings (diplopia, versteurde sig)
Voorkoms onbekend: Optiese neuritis
Oor- en labirint versteurings
Algemeen: Vertigo.
Minder algemeen: Gestremde gehoor, tinnitis
Vel en subkutane-weefsel versteurings
Algemeen: Uitslag en vel reaksies
Minder algemeen: Urtikaria, uitbreek van blase, ekseem, erythema multiforme, Stevens-Johnson sindroom en toksiese epidermale nekrolise (Lyell sindroom), erythroderma (afskilferende dermatitis), haarverlies, fotosensitiwiteit reaksie, purpura, insluited allergiese purpura, pruritis. Absesse en locale nekrose het al voorgekom, veral in diabete.
Asemhalings-, torakale en mediastinum-afwykings
Minder akgemeen: Asma (insluited dispnee), longontsteking
Algemene afwykings en toedieningsplek toestande
Algemeen: Inspuitplek reaksie, pyn op inspuitplek, verharding van die inspuitplek.
Voortplantingstelsel en borsversteurings
Minder algemeen: Impotensie.
Aanmelding van vermeende newe-effekte
Aanmelding van vermeende newe-effekte na goedkeuring van die medisyne is belangrik. Dit maak aanhoudende monitering van die voor-en-nadeel risiko balans van die medisyne moontlik. Gesondheidsorgwerkers word gevra om enige vermeende ongewenste reaksies aan te meld by SAHPRA via die *"6.04 Adverse Drug Reactions Reporting Form"*, wat aanlyn gevind kan word onder SAHPRA publikasies: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8

4.9 Oordosering
(Sien afdeling 4.8)
Simptome sluit in: hoofpyn, naarheid, braking, epigastriese pyn, gastrointestinale bloeding, diarree, duiseligheid, disoriëntasie, eksitasie, koma, slaperigheid, tinnitis, floute of konvulsies. In geval van beduidende vergiftiging, is akute nierversaking en lewerskade moontlik.
Behandeling is simptomaties en ondersteunend, veral vir hipotensie, nierversaking, konvulsies, gastrointestinale irritasie en asemhalingsonderdrukking.
Spesifieke behandeling soos gedwonge diurese, dialise of hemoperfusie is van weinig waarde om BIO DICLOFENAC-INSPUITING uit te skakel, vanweë die hoë proteïenbinding en uitgebreide metabolisme.

5. FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE
A.3.1 Anti-reumatika (anti-inflammatoriese middels)
Anti-inflammatoriese en anti-reumatiese produkte, Nie-steroïedale anti-inflammatoriese middels (NSAID) (NSAIDs). ATC code: M01AB05

5.1 Farmakodinamiese eienskappe
Diklofenak is 'n nie-steroïdale anti-inflammatoriese verbinding (NSAID) met pynstillende, koorswerende en anti-inflammatoriese aktiwiteite.
Dit veroorsaak verminderde vorming van prostaglandiene en tromboksane deur inhibisie van die aktiwiteit van die ensiem siklo-oksigenase. Diklofenak inhibeer plaatjie-aggregasie in vitro.

5.2 Farmakokinetiese Eienskappe
Piek plasmakonsentrasie word bereik ongeveer 10 tot 22 minute na binnespierse toediening.
Diklofenak het hoë binding aan plasmaproteïene (99%) en die plasmahalfleeftyd is 1 tot 2 uur.
Diklofenak word uitgeskei in die vorm van metaboliete deur die niere (ongeveer 60%) en deur ontlasting (ongeveer 30%). Minder as 1% word uitgeskei in onveranderde vorm.

6. FARMASEUTIESE BESONDERHEDE
6,1 Lys van hulpstowwe:
Bensielalkohol 4% m/v (as preserveermiddel)
Mannitol
Propileenglukol
Natriumhidroksied (pH aanpassing)
Natrium metabisulfiet 0,3% m/v (as anti-oksidant)

6.2 Teenaanduiding
Die ampules gebruik as im of iv as infusie moet nie met ander inspuitbare oplossings gemeng word nie.
Vir voorbereiding van binneaarse infusie, sien afdeling 6.6

6.3 Rakleeftyd
2 jaar

6.4 Spesiale voorsorg met bewaring
Bewaar teen of benede 25°C
Moet nie die ampules uit die kartonhouer haal voor benodig word vir gebruik nie

6.5 Aard en inhoud van die houer
10 x 3 ml helder kleurlose glas, gemerkte ampules in 'n kartonhouer

6.6 Spesiale voorsorgmaatreëls vir wegdoening en ander hantering
Intraveneuse infusies moet vars opgemaak word en onmiddellik gebruik word. Sodra dit voorberei is, moet die infusie nie gestoor word nie.

Intraveneuse Infusie
Om 'n intraveneuse infusie voor te berei, moet een ampule BIO DICLOFENAC INSPUITING verdun word met 100 tot 500 ml natriumchloried (0,9%) of glukose-oplossing (5%). Albei oplossings moet eers met bikarbonaatoplossing gebuffer word (0,5 ml 8,4% of 1 ml 4,2%). Slegs helder infusie-oplossings moet gebruik word. BIO DICLOFENAC-inspuitings moet vars opgemaak en onmiddellik gebruik word. Sodra dit voorberei is, moet die infusie nie gestoor word nie. As kristalle of neerslae waargeneem word, moet die infusie-oplossing nie gebruik word nie.

7. HOUER VAN DIE REGISTRASIE SERTIFIKAAT
Biotech Laboratories (Edms) Bpk.
Grond Vloer, Blok K Wes, Central Park
400 16de Weg, Randjespark, Midrand, 1685
Suid Afrika

8. REGISTRATION NOMMER(S)
42/3.1/0411

9. DATUM VAN DIE EERSTE REGISTRATION/HERNUWING VAN DIE REGISTRASIE
Datum van registrasie: 19 Maart 2010

10. DATUM VAN HERSIENING VAN DIE TEKS
12 April 2021